# Week 3

## AGTERGROND VIR DIE TEKS VAN

## Markus 9:30-37

**Wie?**
Jesus is die sentrale karakter in hierdie verhaal, maar dit is asof die dissipels net nie kan verstaan wie Jesus werklik is nie.
**Waar?**
Jesus en sy dissipels is op pad deur Galilea en voer hierdie gesprek in Kapernaum. Galilea is die landelike streek in die noorde van Israel, en Kapernaum was die dorp van waar Jesus baie van sy werk gedoen het.
**Wat?**
Jesus het drie keer sy dood aangekondig. In Markus 9:30-32 kondig Jesus dit 'n tweede keer aan. Jesus is eerlik met sy dissipels oor die pad waarop Hy loop en oor waarmee Hy besig is. Jesus ontken geensins die swaarkry of die pyn van sy pad nie. Hy maak dit juis duidelik. Hy berei sy dissipels voor vir die pad wat vir Hom, en hulle, voorlê.
Maar dit is asof die dissipels Hom nie hoor nie, want hulle is besig om te stry oor posisies en status binne Jesus se koninkryk wanneer Hy die nuwe heerser word. Hulle verstaan hierdie nuwe koninkryk as 'n aardse koninkryk soos die keiser in Rome se koninkryk.
'n Mens kan net wonder hoe Jesus gevoel het oor hulle stryery. Die dissipels verstaan steeds nie wie Jesus is en wat sy plan vir almal is nie. Dan verduidelik Jesus vir hulle dat sy pad van mense vra om mekaar te dien, nie om gedien te word nie.
Toe trek Jesus 'n kind nader. Kinders was in daardie tyd nie so belangrik soos vandag nie. Inteendeel, hulle het baie min status gehad. Wanneer Jesus die kind nadertrek, wys Hy dat ons selfs die onbelangrikste mense tussen ons moet ontvang en raaksien wanneer ons God wil ontvang en raaksien.

Leef saam
HUISGELOOF

# Week 3

**Waarom?**

Die dissipels werk met hulle prentjie van wie hulle dink Jesus behoort te wees. Hulle het 'n prentjie van 'n groot, sterk koning wat die keiser van Rome se ryk omver sal gooi en wat hulle as burgers van sy koninkryk belangrik sal maak.

Maar Jesus is nie so 'n soort koning nie. Jesus is die koning oor die hele skepping wat 'n nuwe werklikheid vir die skepping moontlik maak. Hy demonstreer sy koningskap hier op aarde deur te dien, te ly en aan die kruis te sterf.

Leef saam

HUISGELOOF

# Week 3

## WELKOM

- Gaan kyk in julle kombuiskaste watter verskillende soorte borde in julle huis is. As jy enigeen van hierdie borde kon wees, watter een sou jy wou wees? Hoekom? Hoe dink jy voel die borde wat nie gekies is nie?

## WONDER

Lees Markus 9:30-37 saam.
Gesels saam:

- Is daar van die borde wat belangriker is as ander? Hoekom?
- Wie besluit watter borde is belangriker?
- Hoe dink jy het die kind in vandag se Bybelverhaal gevoel toe Jesus hom of haar uitgesonder het om te verduidelik dat alle mense ewe belangrik is? (Kinders in Jesus se tyd het nie dieselfde waarde gehad as volwassenes nie.)

## WEES

Kies hierdie week een aand en dek die tafel met borde waaruit julle as gesin gewoonlik nie eet nie. Dit kan borde wees wat julle vir spesiale geleenthede hou, of selfs plastiekbakkies. Eet saam uit hierdie borde. Hoekom dink julle eet julle nou uit daardie borde?

Leef saam

HUISGELOOF

# Week 3

## WEGSTUUR

*Onthou Jesus se woorde: "Elkeen wat so 'n kindjie in my Naam ontvang, ontvang My." Kom ons ontvang en verwelkom ander mense soos Jesus ons ontvang en verwelkom.*

*Sluit af met gebed.*